

Die verbond by Sinai



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Deuteronómium 1:29–31; Hoséa 11:1; Openbaring 5:9; Deuteronómium 29:10–13; Exodus 19:5, 6; Romeine 6:1, 2; Openbaring 14:12; Romeine 10:3.

Geheeteks:

“ ‘Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.’ ” (*Exodus 19:4*).

’n Klein seuntjie, een van sewe kinders, was in ‘n ongeluk betrokke wat hom in die hospitaal laat beland het. In sy huis was daar amper nooit genoeg van enigiets nie. Hy het nooit meer as net ‘n gedeelte van ‘n glas melk kon drink nie. As die glas vol was, moes twee van die kinders dit deel, en wie ook al eerste gedrink het, moes versigtig wees om nie te veel te drink nie. Nadat die seuntjie gemaklik gemaak was in sy hospitaalbed, het die verpleegster vir hom ‘n groot glas melk gebring. Hy het smagtend daarna gekyk en toe, gedagtig aan die gebrek by sy huis, het hy gevra, ‘Hoe diep mag ek drink?’ Die verpleegster, met tranerige oë en ‘n knop in haar keel, sê toe, ‘Drink maar alles, kind, drink maar alles!’ ” — H. M. S. Richards, “Free Grace,” *Voice of Prophecy News*, Junie 1950, bl. 4, (*vry vertaal*). Net soos hierdie seuntjie, was dit die voorreg van antieke Israel, en nou ons, om vrylik en onbeperk uit die fontein van verlossing te drink. Israel se bevryding uit eeue se slawerny en verdrukking was ‘n wonderbaarlike skouspel van goddelike genade. Op dieselfde wyse is goddelike genade in ons bevryding uit sonde betrokke.

Hierdie week met een oogopslag: Watter beeldspraak het die Here gebruik om sy verhouding met Israel te beskryf? Hoe stem die verhale van die Uittog en van Sinai met persoonlike redding ooreen? Wat was die rol van die wet in die Sinaitiese verbond?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 15 Mei.*

Op arendsvlerke

Die volk Israel was vir baie lang en moeilike eeue in die Egiptiese heidendom vasgevang, 'n ondervinding wat, sonder twyfel, hulle kennis oor God, sy wil en sy goedheid, verdof het. Hoe sou die Here hulle kon terugwen na Hom toe? Om mee te begin het hy sy opregte liefde vir Israel deur sy magtige bevrydingsdade gedemonstreer. Hy het hulle probeer oorhaal om liefdevol op sy verbonds aanbod te reageer. By Sinai het Hy hulle eerstens aan sy barmhartige optredes teenoor hulle herinner.

Watter twee illustrasies beskryf hoe die Here Israel van Egipte tot by Sinai gebring het? Exodus 19:4, Deuteronomium 32:10–12

Deuteronomium 1:29-31, Hoséa 11:1

Wat wil hierdie illustrasies vir Israel (en ook vir ons) oor die aard van God se gesindheid teenoor sy volk, leer?

Hierdie illustrasies dui aan dat onse God baie bewus van ons hulpeloosheid is. Lees Psalm 103:13, 14. In beide die voorbeelde van die arend en van die vader wat sy kind dra, word ons van God se besorgdheid oor ons welstand bewus. Teerheid, ondersteuning, beskerming, aanmoediging: Hy begeer om ons tot volle volwassenheid te bring. “Die arend was nog altyd vir sy ongewone toegewydheid aan sy kleintjies bekend. Hulle leef mos op die bergtoppe. In die proses om sy kleintjies te leer om te vlieg, dra hy hulle op sy rug na groot hoogtes bo die pleine van Sinai, en laat val hulle dan die dieptes in. As die baba dan nog te jonk en te verwilderd is om te vlieg, duik pa-arend af na onder om die kleintjie op sy rug te vang, en vlieg dan weer na die arendsnes teen die kranse daarbo. En die goddelike stem sê, net so ‘[het Ek] uit Egipte . . . my seun geroep.’” — George A. F. Knight, *Theology of Narration* (Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company, 1976), bl. 128, (vry vertaal).

Kontrasteer God se belangstelling in ons met ons belangstelling in mekaar. Hoe behoort Sy besorgdheid oor ons ons besorgdheid teenoor andere te beïnvloed? Gegronde op jou persoonlike ondervinding, aan watter illustrasies kan jy dink om God se onselfsugtige belangstelling in ons te beskryf? Dink aan 'n paar voorbeelde vanuit jou eie ondervinding; gebruik ook beelde uit jou eie kultuur. Deel dit met die klas.

Die verlossingsmodel

“Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is die HERE, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur ‘n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle ‘n God wees. En julle sal erken dat Ek die HERE julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit.” (*Exodus 6:5, 6*).

Let op na die verse hierbo: Watter beginsel sien ons, net soos vantevore, daarin met betrekking tot God se rol in die verbondsverhouding teenoor die mens (fokus op hoe dikwels die woord “Ek” in hierdie verse gebruik word)?

Die bevryding van Israel uit die Egiptiese slawerny en die redding van Noag en sy gesin van uitwissing deur die Vloed is twee prominente reddingsgebeurtenisse in Moses se geskrifte. Beide gee insigte in die wetenskap van verlossing. Maar dit is die Uittoggebeurtenis wat spesifiek die verlossingsmodel voorsien. Wanneer God aan Israel (deur Moses) sê “Ek sal julle verlos” (*Exodus 6:5*), sê Hy letterlik “Ek sal as die lossersbloedverwant optree” of go’el. “Die woord verlos in vers 5 [*van Exodus 6*] verwys na ‘n bloedverwant wat ‘n familielid terugkoop of loskoop, veral as daardie familielid in slawerny as gevolg van skuld was, of op pad was om ‘n slaaf te word. Israel het blykbaar geen aardse familie gehad wat haar kon verlos nie, maar God was nou Israel se naasbestaande, haar bloedverwant verlosser.” — Bernard L. Ramm, *His Way Out* (Glendale, CA: Regal Books Division, G/L Publications, 1974), bl. 50, (*vry vertaal*).

Hoe verstaan jy die gedagte dat God sy volk uit slawerny “bevry” of teruggekoop het? Wat was die prys wat betaal moes word? Wat sê dit aan ons oor hoeveel ons werd is? (Lees Markus 10:45, I Timótheüs 2:6, Openbaring 5:9.)

In Exodus 3:8 sê God dat Hy “neergedaaal” het om Israel te red. Hierdie is ‘n algemene Hebreeuse werkwoord vir God se wisselwerking met die mensdom. God is in die hemel en ons is op die aarde, en dis net as God na die aarde “neerdaal”, wat Hy ons kan red. Die werklikheid van hierdie gedagte is dat ons net gered kon word toe Jesus na ons neergedaaal het, op die aarde gelewe het, gely, gesterf en opgestaan het. “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon” (*Johannes 1:14*) is ‘n ander manier om te sê dat God neergedaaal het om ons te kon red.

Die verbond by Sinai

Die boek van Exodus vestig die leser se aandag op drie hoofgebeurtenisse. Die Uittog, die totstandkoming van die verbond, en die oprigting van die tabernakel-heiligdom troon soos drie hoë berge bo die heuwels van kleiner gebeurtenisse uit. Die totstandkoming van die verbond soos in Exodus 19 tot hoofstuk 24 beskryf word, kan met die Berg Everest teenoor die ander twee vergelyk word. ‘n Kort opsomming van Exodus 19 tot 24 dui die volgorde en die verwantskap tussen die gebeure aan.

Al het jy nie tyd om al die verse hieronder na te slaan nie, fokus op die volgorde van die gebeurtenisse:

1. Israel se aankoms en kampopslaan by Sinai nadat God hulle bevry het (*Exodus 19:1, 2*).
2. God se aanbod om ‘n verbond met Israel te sluit (*Exodus 19:3-6*).
3. Israel se aanvaardingsantwoord op die verbonds aanbod (*Exodus 19:7, 8*).
4. Voorbereiding om die verbond formeel te aanvaar (*Exodus 19:9-25*).
5. Aankondiging van die Tien Gebooie (*Exodus 20:1-17*).
6. Moses as verbondsbemiddelaar (*Exodus 20:18-21*).
7. Verbondsbeginsels uitgespel (*Exodus 20:22 tot Exodus 23:22*).
8. Bekragtiging van die verbond (*Exodus 24:1-18*).

Hierdie verbond speel ‘n deurslaggewende rol in die plan van verlossing. Dit is die vierde verbond wat in die Bybel genoem word (voorafgegaan deur die verbonde met Adam, Noag en Abraham), en in hierdie een openbaar God Homself meer ten volle as voorheen, veral met die instelling van die heiligdom se rituele. Die heiligdom word dus die middel waardeur Hy die plan van verlossing aan die volk duidelik maak sodat hulle dit aan die wêreld kan openbaar. Hoewel die Here Israel uit slawerny in Egipte bevry het, wou Hy hê dat hulle moes verstaan dat redding ‘n groter en belangriker betekenis het as net om vry van fisiese slawerny te wees. Hy wou hulle van sonde, die uiterste vorm van slawerny, red, en dit kon net deur die Messias as offerande geskied, soos wat dit deur die tipes en simbole van die heiligdomdiens duidelik gemaak word. Geen wonder daarom dat nie lank nadat hulle uit slawerny bevry was en die wet ontvang het nie, die Israëliete beveel was om die heiligdomdiens in te stel, want daardeur het God aan hulle die plan van verlossing geopenbaar — wat die ware betekenis en doel van die verbond is. Want die verbond beteken niks as dit nie ‘n verlossingsverbond is wat die Here aan die gevalle mensdom aanbied nie. Dit is wat dit in Eden was, en dit is wat dit by Sinai was.

Hoekom was ‘n verbond tussen God en die volk van Israel ‘n noodsaaklikheid? (Lees Deuteronomium 29:10-13 en let weer op na die verhoudingsaspek van die verbond.)

God en Israel

“As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.” (*Exodus 19:5, 6*).

In hierdie verse stel die Here sy verbond aan die kinders van Israel voor. Hoewel die Here hulle in ‘n sekere sin geroep het, het hulle nog ‘n vrye keuse gehad. Maar hulle moes hulle samewerking gee. Selfs hulle bevryding uit Egipte het hulle samewerking vereis: As hulle nie gedoen het wat die Here gesê het hulle moet doen nie (soos om die bloed aan die deurposte en die bo-drumpel te smeer), sou hulle nie bevry geword het nie. Net so maklik soos dit. Hier sê die Here ook nie aan hulle nie, “Of julle nou daarvan hou of nie – ‘julle [sal] my eiendom uit al die volke wees . . . En . . . ‘n koninkryk van priesters’”. Dit is nie hoe dit werk nie, en dit is nie wat die vers sê nie.

Lees Exodus 19:5, 6, wat hierbo aangehaal word. Hoe verstaan jy wat die Here hier sê in die konteks van verlossing deur geloof? Maak die bevel om die Here te gehoorsaam verlossing deur genade kragteloos? Hoe help die volgende verse jou om die antwoord te verstaan? Romeine 3:19-24; Romeine 6:1, 2; Romeine 7:7; Openbaring. 14:12.

“Ons verdien nie die saligheid deur ons gehoorsaamheid nie; want die saligheid is ‘n vrye gawe van God, wat ons deur die geloof aanneem. Maar gehoorsaamheid is die vrug van geloof.” — Ellen G. White, *Skrede na Christus*, bl. 61. Dink aan wat die Here gewillig was om vir die Israelitiese nasie te doen: Hy het hulle nie net wonderbaarlik uit Egiptiese slawerny bevry nie, maar Hy wou hulle sy eiendomsvolk maak, ‘n koninkryk van priesters. Deur hulle verhouding met Hom op sy verlossingsdaad te grondves (tydelik soos bv. bevryding uit Egiptiese slawerny, en vir die ewigheid), het die Here gepoog om hulle na ‘n geestelike, intellektuele en morele standaard te verhoog wat hulle die wonder van die antieke wêreld sou maak. En dit alles met die doel om hulle te gebruik om die evangelie aan die nasies te verkondig. Al wat hulle moes doen in antwoord daarop, was om te gehoorsaam.

Op watter maniere behoort ons persoonlike verhouding met die Here dieselfde beginsel wat ons in vandag se studie gesien het, te weerspieël?

Beloftes, beloftes . . . (*Exodus 19:8*)

Op die eerste gesig lyk alles goed. Die Here bevry sy volk, bied aan hulle die verbondsbeloftes, en hulle aanvaar dit: hulle sal alles doen wat die Here hulle vra om te doen. Dit lyk na 'n volmaakte ooreenkoms, nie waar nie?

Lees die volgende teksverse. Watter insig kry ons hier oor hoe Israel op die verbond gereageer het?

Romeine 9:31, 32

Romeine 10:3

Hebreeërs 4:1, 2

Ons verhouding met Hom moet op geloof gegrondwes wees, wat God ook al vir ons vra om te doen. Geloof verskaf die grondslag vir die werke wat volg. Werke opsigself, maak nie saak hoe suiwer die motiewe is nie, hoe opreg dit is nie, hoe baie die werke is nie, kan ons nie aanvaarbaar in die teenwoordigheid van 'n heilige God maak nie. Dit was nie die geval in Israel se tyd nie, en is ook nie in ons tyd nie. Maar, aangesien die Bybel werke oor en oor beklemtoon, hoekom kan dit ons nie aanvaarbaar by God maak nie? (*Lees Jesaja 53:6; Jesaja 64:6; Romeine 3:23.*) Ongelukkig het die Hebreuse volk geglo dat hulle gehoorsaamheid die middel tot hulle verlossing geword het, en nie as gevolg daarvan nie. Hulle wou geregtigheid deur hulle gehoorsaamheid aan die wet ontvang, en nie die geregtigheid van God wat deur geloof alleen geskenk word nie. Die Sinaiverbond – hoewel dit met 'n veel meer gedetailleerde stel instruksies en wette gegee was — was net soos al die vorige verbonde as 'n genadeverbond ontwerp. Hierdie genade, vrylik uitgestort, veroorsaak 'n verandering van hart wat gehoorsaamheid tot gevolg het. Die probleem was natuurlik nie hulle poging om gehoorsaam te wees nie (die verbond het gehoorsaamheid vereis); die probleem was die tipe “gehoorsaamheid” wat hulle aangebied het soos wat die daaropvolgende geskiedenis van die nasie getoon het, wat eintlik glad nie gehoorsaamheid was nie.

Lees Romeine 10:3 versigtig deur, veral die laaste gedeelte. Wat beklemtoon Paulus hier? Wat gebeur met mense wat poog om hulle eie geregtigheid tot stand te bring? Hoekom lei daardie poging na onvermydelike sonde, ongeregtigheid en rebellie? Kyk na ons lewens. Is ons nie in gevaar om dieselfde te doen nie?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Die Eksodus,” bl. 281-290; “Van die Rooi See na Sinai,” bl. 291-302; “Israel Ontvang die Wet,” bl. 303-314, in *Patriarge en Profete*. “Die gees van slawerny kweek ‘n wettiese godsdiens omdat daarna gestreef word om die vereistes van die wet in ons eie krag na te kom. Daar is alleenlik hoop vir ons in Abraham se verbond, wat die verbond van genade deur geloof in Christus Jesus is. Die evangelie wat aan Abraham verkondig was, en wat aan hom hoop gegee het, was dieselfde evangelie wat tans aan ons verkondig word, en wat aan ons hoop gee. Abraham het op Jesus wat ook die Leidsman en die Voleinder van ons geloof is, gefokus.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1077, (vry vertaal). “Gedurende hulle diensbaarheid in Egipte het talle van die Israëliete die kennis van Gods wet in ‘n groot mate verloor en hulle het sy insettinge met heidense gewoontes en oorleweringe vermeng. God het hulle tot by Sinai gebring, en daar het Hy Sy wet met Sy eie stem aan hulle bekendgemaak.” — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 334.

Vrae vir bespreking:

1. Op watter maniere was die verbondsverhouding ontwerp om Israel se fisiese en geestelike voorregte in stand te hou? (*Lees Levitikus 26:3-13; vergelyk Deuteronomium 28:1-15.*)
2. Lees Exodus 19:5, 6. Let op dat die Here die volgende verklaring maak, “die hele aarde is myne.” Hoekom sou Hy dit sê, veral in hierdie konteks, waar Hy aanbied om ‘n verbond met hierdie mense te sluit? Hoe pas ons begrip van die Sabbat en wat dit beteken, hierby in?
3. Ons verstaan dat ons sondes deur God se genade vergewe word. Hoe verstaan ons die rol van God se genade om ons in staat te stel om ‘n lewe van geloof en gehoorsaamheid te lewe?

Opsomming: Die verbond wat God met Israel by Sinai gesluit het, was ‘n verbond van genade. Deur oorvloedige bewyse van sy barmhartige liefde en sorg deur hulle uit Egiptiese slawerny te verlos op so ‘n buitengewone wyse, het God die volk genooi om ‘n verbond met Hom te sluit waardeur hulle voorregte in stand gehou en bevorder sou word. Alhoewel Israel dit aanvaar het, het hulle ‘n ware geloof wat deur liefde gemotiveer word, kortgekom. Hulle latere geskiedenis bewys grootliks dat hulle gefaal het om die ware aard van die verbond te verstaan, en dat hulle dit verontreinig het deur ‘n redding-deur-werke-sisteem te handhaaf. Ons hoef nie Israel se mislukking te herhaal deur die wonderbaarlike genade aan sondaars te ignoreer nie.